

PROF D FRANCIS – DEKAAN / DEAN



EREGRAAD/ HONORARY DOCTORATE

PHILOSOPHIAE DOCTOR (Honoris Causa)

STRYDOM, Andries Hermanus

Andries Hermanus (Kalie) Strydom is op 5 Julie 1940 in Bloemfontein gebore. Hy het in 1958 aan Grey Kollege in Bloemfontein matrikuleer en sy studie aan die toenmalige Universiteit van die Oranje Vrystaat voortgesit waar hy die grade B.A., B.Ed., M.Ed. en D.Ed. sowel as 'n Hoëronderwysdiploma en 'n M.A.-graad in die filosofie verwerf het. Hy is getroud met Alida Strydom in 1966 en die egpaar het twee getroude seuns met drie kleinkinders.

Sy akademiese loopbaan het in 1969 begin toe hy eers as lektor en later as senior lektor aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat aangestel is. Hy is slegs vyf jaar later (in 1974) as professor en hoof van die Departement Didaktiek aan die Universiteit van Stellenbosch aangestel, 'n uitstaande prestasie aangesien hy op 35 die jongste professor nog was wat in Suid-Afrika aan 'n opvoedkundefakulteit aangestel is. Hy het in April 1977 as professor na die Universiteit van die Oranje Vrystaat teruggekeer en die Suid-Afrikaanse Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing het 'n Navorsingseenheid vir Hoëronderwysstudie aan hom toegeken. Hy is in 1996 tot Hoofdirekteur: Strategiese Diens aan die Universiteit van die Vrystaat

bevorder. Hy was sedert 2000 die Waarnemende Direkteur van die Vrystaatse Konsortium vir Hoër Onderwys en 'n senior navorser aan die Sentrum vir Hoëronderwysstudie en Ontwikkeling (SHOSO) aan die Universiteit van die Vrystaat.

Kalie Strydom se naam was meer as twee dekades lank sinoniem met uitnemendheid in navorsing in opvoedkunde, veral op die gebied van hoër onderwys. 'n Mens kan sy akademiese loopbaan ten beste beskryf as 'n leeftyd gewy aan aanspreeklike navorsing, wat die bevordering van hoër onderwys in Suid-Afrika ten doel gehad het. Hy word gevolegtlik sowel nasionaal as internasionaal as 'n gerekende navorser op die gebied van hoër onderwys beskou. Behalwe dat hy 'n groot hoeveelheid onafhanklike oorsese navorsingsreise onderneem het – wat Kanada, verskeie Amerikaanse state, Duitsland, die Verenigde Koninkryk, Nederland en Australië insluit – het professor Strydom by 39 kongresse en ander geleenthede as gasspreker opgetree. Hierbenewens hy het by 19 internasionale en 70 nasionale kongresse referate oor 'n verskeidenheid aspekte in die onderwys gelewer. Dit onderstreep die feit dat sy werk wyd hoog aangeslaan word en dat hy 'n waardevolle bydrae tot die hoër onderwys in hierdie land gelewer het.

Kalie Strydom se publikasies sluit in 54 navorsingsartikels, bydraes as outeur, mede-outeur en redakteur van 11 boeke en 18 tegniese verslae aan nasionale/provinsiale onderwysdepartemente, die Komitee vir Universiteitshoofde, die Raad op Hoër Onderwys en ander opvoedkunde-verenigings. Hy het ook 'n aantal voorwoorde as redakteur geskryf. Hoewel heelwat hiervan gehalteversekering as kwessie ondersoek – 'n veld waarin hy 'n bekende kundige geword het – is dit uit sy lys publikasies duidelik dat sy navorsingsbelangstellings 'n verskeidenheid uiters toepaslike temas beslaan. Dit lewer bewys van een van sy mees aanprysenswaardige eienskappe: die vermoë om die opvoedkundige brandpunte van die dag aan te spreek. In hierdie verband het hy wyd op die gebied van die didaktiek, die hoëronderwysbestuur en leierskap, menslike

hulpbronbestuur en kurrikulumontwikkeling, strategiese beplanning, hoëronderwysbeleid, oopleer en multikulturele opvoeding bygedra.

Die mees uitstaande navorsingsprojekte voor 2000 sluit in navorsing oor die verskillende aspekte van gehalteversekering, toegang met sukses, bestuur in hoër onderwys, sowel as prestasiebestuur vir instellings en die personeel in hoër onderwys en die ontwikkeling van voortgesette onderwys en opleiding as 'n intermediêre kollegesektor.

Sy kundigheid op verskeie terreine in hoër onderwys het 'n kulminasiepunt in gemeenskapsdiens gevind. Dit sluit in 'n navorsing- en ontwikkelingsprojek oor 'n oorbruggingsmeganisme op tersiêre vlak en lidmaatskap van verskeie statutêre rade. Hy was die koördineerder van 'n Taakgroep van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys, 'n uitvoerende lid van die organiserende komitee van die Komitee vir Universiteitshoofde se kongres oor die toekoms van die universiteit in Suid-Afrika en 'n lid van die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN). Hierbenewens het hy gedien op die *Disciplinary Chief Committee for Education* en die RGN se Navorsingskomitee vir Opvoedkundewetenskappe. As stigtervoorsitter en eerste President van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Navorsing en Ontwikkeling in Hoër Onderwys (SAARDHE) en voorsitter van die Stedelike Stigting in die Vrystaat en Noordkaap het hy 'n belangrike rol in die bevordering van hoëronderwysbelange gespeel. Hy het hierdie tradisie voortgesit deur as voorsitter van die werkgroep van die Uitvoerende Komitee van Post-sekondêre Opvoeding- en Onderwysforum in die Vrystaatprovinsie te dien.

Professor Strydom was lid van verskeie plaaslike, nasionale en internasionale akademiese verenigings en ander organisasies. Hy het ook op 'n aantal verskillende komitees van die UV, die Vereniging van Suid-Afrikaanse Vise-kanseliers, die Raad op Geesteswetenskaplike Navorsing, die Vrystaatse Trust vir Hoër- en Voortgesette Onderwys en Opleiding (as Voorsitter), die Onafhanklike Eksamenvraagkomitee en die

Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys gedien. Hy was 20 jaar lank 'n lid van die Komitee vir Universiteitshoofde se Onderwyskomitee en het nege jaar lank op die Komitee vir Universiteitshoofde se Akademiese Beplanningskomitee gedien. Hy was 'n lid van die *American Council on Education (ACE)*, die *Association for Study in Higher Education (ASHE)*, die *Society for Research into Higher Education (SRHE)*, die *African Association of Universities (AAU)*, die Universiteitsraad van die Nasionale Universiteit van Lesotho (van 1997 tot 2001), die Raad van die Sentrale Universiteit van Tegnologie (van 2002 tot 2007), die Raad van die Motheo VOO-kollege en die Proviniale Raad vir VOO-kolleges in die Vrystaat. Verder was hy die Afrika-verteenwoordiger op die *Foreign Committee of the Association for Institutional Research in the USA*.

Ander toekennings wat professor Strydom tydens sy loopbaan ontvang het, sluit studie aan die *Goethe Institut* in Wes-Duitsland, 'n aantal beurse van die VCHO en die RGN, sowel as die Johann Pauw Gedenktoekenning van SAARDHE (1990), 'n meritetotoekenning as Uitstaande Professor aan die Universiteit van die Vrystaat (1998-2000), die Suid-Afrikaanse Onderwysvereniging se medalje en toekenning vir uitstaande navorsing en die Harold Wolpe Gedenktoekenning van SAARDHE.

Kalie Strydom het in 2000 as Hoofdirekteur: Akademiese Beplanning en Ontwikkeling aan die UV afgetree. Hy is toe gevra om as Direkteur van die Vrystaatse Onderwys- en Opleidingstrust en senior navorser aan die Sentrum vir Hoëronderwysstudie en Ontwikkeling aan die UV op te tree.

Hy het na 2000 as waarnemende direkteur van die streeksinisiatief baie tegniese en raadgewende voorstelle, verslae en besprekingsdokumente vir die Vrystaatse Onderwys- en Opleidingstrust sowel as instellings vir hoër onderwys en voortgesette onderwys en opleiding wat by hierdie trust betrokke was, sowel as die Vrystaatse Proviniale Departement van Onderwys voorberei:

- die skep van 'n sterk, omvattende en goed gedefinieerde sektor vir hoër- en voortgesette onderwys in die streek wat gehalte diplomandi en graduandi kan lewer om aan die behoeftes van 'n samelewing in oorgang te voldoen;
- die fasilitering van kapasiteitsbouende herstel en billikheid wat betref kwessies rakende institusionele ongelykheid, beperkings op toegang, akademiese ontwikkelingsprogramme, ens.;
- die betrek van die betrokke gemeenskappe en belangegroepe om aan 'n nuwe opvoeding- en onderrigstelsel vorm te gee;
- die beter benutting van bestaande hulpbronne en beskikbare finansies deur rasionalisering en die uitskakel van onnodige duplisering en verkwisting;
- die fasilitering van 'n koherente benadering tot onderwys en opleiding vir die spesifieke behoeftes aan menslike hulpbronne en ontwikkelings in die streek binne die raamwerk van die nasionale strategieë vir groei en ontwikkeling asook menslike hulpbronontwikkeling;
- die ontwikkeling van gesamentlike ondernemings sowel as spesialiseringssgebiede binne 'n streeksraamwerk;
- 'n samewerkende eerder as 'n kompeterende benadering tot die voorsiening van onderwys en opleiding en ander ontwikkeling- en ondersteuningsdienste; en
- interaksie en samewerking met ander nasionale en streeksinisiatiewe insake die opvoedkundige en ekonomiese heropbou en ontwikkeling.

Hy het deur middel van bogenoemde doelstellings probeer om hoëronderwys- en opleidingsinstellings sover te kry om hulle aan 'n proses van streeksamewerking te verbind wat vir sowel bilaterale as multilaterale interaksie voorsiening sou maak. Hy het in hierdie interaksie altyd daarna gestreef om alle deelnemers te oortuig om 'n inklusiewe proses met interne institusionele belanghebbendes sowel as belangrike eksterne belanghebbendes in die sakewêreld, die

nywerheidswêreld, die nasionale en provinsiale regering en die gemeenskap in die breë te aanvaar.

As senior navorser aan die Sentrum vir Hoëronderwysstudie en Ontwikkeling aan die Universiteit van die Vrystaat het professor Strydom na 2000 verskeie dokumente voorberei waarin hy die UV se topbestuur insake baie hoëronderwyskwesties adviseer het. Hy het ook in die meestersprogram vir Hoëronderwysstudie klas gegee en verskeie meestersgraad- en doktorale studente in hoëronderwysstudie begelei oor baie verskillende aspekte van streeksbetrokkenheid en ontwikkeling met besondere klem op bestuur, verbredende deelname (toegang met sukses), streek- en institusionele beplanning en bestuur, impakstudies in die streek, vaardigheidsverwerwing, menslike hulpbronbestuur en ontwikkeling en hoër onderwys as studieveld.

Die werk wat hy oor die afgelope 30 jaar gedoen het, het nie net gehandel oor die ondersteuning van verandering (transformasie) in die onderwyssektor en meer bepaald hoër onderwys nie, maar ook oor kapasiteitsbou onder personeel, terwyl hy billikheidsverwagtings ondersteun het sonder om die gehalte van die werk in gedrang te bring.

Die Universiteit van die Vrystaat beskou dit as 'n voorreg en eer om die graad Philosophiae Doctor (Honoris Causa) aan prof. Kalie Strydom toe te ken.

~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~

Andries Hermanus (Kalie) Strydom was born in Bloemfontein on 5 July 1940. He matriculated at Grey College, Bloemfontein, in 1958 and continued his studies at the (then) University of the Free State where he obtained a BA degree, a Higher Education Diploma, a BEd, an MEd and a DEd, as well as an MA degree in Philosophy. He got married in 1966 to Alida Strydom and the couple has two married sons and three grand children.

Kalie Strydom started his academic career in 1969 when he was appointed as a lecturer and later as a senior lecturer at the University of the Orange Free State. Just five years later (in 1974) he was promoted to the position of professor and head of the Department of Didactics at Stellenbosch University – an exceptional achievement, since, at the age of 35, he was the youngest professor to be appointed at a Faculty of Education in South Africa at the time. In April 1977 he returned to the University of the Orange Free State as professor and was awarded with a Research Unit for Higher Education Studies by the Human Sciences Research Council of South Africa. In 1996 he was promoted to the position of Chief Director of Strategic Services at the University of the Free State. Since 2000 he has been the Acting Director of the Free State Higher Education Consortium (FSHEC) and a senior researcher at the Centre for Higher Education Studies and Development (CHESD) at the University of the Free State.

For more than two decades Kalie Strydom has been associated with excellence in educational research, especially in the field of higher education. His academic career can best be described as a lifetime of dedication to accountable research, aimed at the advancement of higher education in South Africa. As a result he is an acclaimed researcher in the field of higher education – nationally, as well as in international circles. Apart from having undertaken a vast number of independent research trips to countries abroad, including Canada, various American states, Germany, the United Kingdom, the Netherlands and Australia, Professor Strydom has appeared as a

guest speaker at 39 conferences and other events. In addition, he has presented papers at 19 international conferences and 70 conferences in South Africa on a variety of aspects of education. This underscores the fact that his work is widely held in high regard and that he has made a valuable contribution to the field of higher education in this country.

Kalie Strydom's publications include 54 research articles, contributions as author, co-author and editor of 11 books, 18 technical reports to various national/provincial education departments, the Committee of University Principals (CUP), the CHE, and other educational associations. He has also contributed a number of editorial reviews. Although a number of these investigate the issue of quality assurance – a field in which he has become a well-known authority – it is evident from his list of publications that his research interests comprise a variety of extremely relevant themes. This has proven to be one of his most commendable attributes: the ability to address the educational issues of the day. As such he has contributed widely to the areas of didactics, higher education management and leadership, human resources management and curriculum development, strategic planning, higher education policy, open learning and multicultural education.

His most outstanding research projects before 2000 include research on all the different aspects of quality assurance, access with success, governance in higher education, and performance management of institutions and staff in higher education and the development of further education and training as an intermediate college sector.

His expertise in various fields of higher education has culminated in community service, which includes a research and development project on a bridging mechanism at tertiary level, and membership of various statutory councils. He was the coordinator of a Task Group of the National Commission on Higher Education, an executive member of the Organising Committee of the CUP Conference on the future of

universities in South Africa, and a member of the Human Science Research Council (HSRC). In addition, he served on the Disciplinary Chief Committee for Education and the HSRC Research Committee for Educational Sciences. As the Founder Chairman and first President of the South African Association for Research and Development in Higher Education (SAARDHE) and chairperson of the Urban Foundation of the Free State and Northern Cape Region, he has played a major role in furthering the interests of higher education. He has continued in this tradition by chairing the working group of the Executive Committee for the Post-secondary Education and Training Forum of the Free State Province.

Professor Strydom has been a member of various local, national and international academic associations and other organisations. He has served on a number of different committees of the UFS, the South African Universities' Vice-Chancellors' Association (SAUVCA), the Centre for Science Development (CSD), the Human Sciences Research Council (HSRC), the Free State Higher and Further Education and Training Trust (as Chairman), the Independent Examinations Board, and the National Commission for Higher Education. He was a member of the Education Committee of the Committee of University Principals (CUP) for a period of 20 years and served on the Academic Planning Committee of the CUP for nine years. His contribution to higher education through representation in a leadership role has not been limited to South Africa alone. He was a member of the American Council on Education (ACE), the Association for Study in Higher Education (ASHE), the Society for Research into Higher Education (SRHE), the African Association of Universities (AAU) the University Council of the National University of Lesotho (for five years until 2001), the Council of the Central University of Technology (from 2002 – 2007), the Council of Motheo FET College and the Provincial Board for FET Colleges in the Free State. In addition, he was the Africa representative on the Foreign Committee of the Association for Institutional Research in the USA.

Other awards received by Professor Strydom during his academic career include study at the Goethe Institut in West Germany, a number of bursaries from the VCHO (an association for Higher Education) and the HSRC, as well as the Johann Pauw Memorial Award of SAARDHE (1990), an Outstanding Professor Merit Award at the University of the Free State (1998-2000), the South African Education Association medal and reward for outstanding research and the Harold Wolpe Memorial Award of the South African Association for Research and Development into Higher Education.

In 2000 Kalie Strydom retired as Chief Director: Academic Planning and Development at the University of the Free State. He was then asked to act as Director of the Free State Education and Training Trust and as senior researcher in the Centre for Higher Education Studies and Development of the UFS.

As Acting Director of the regional initiative after 2000 he prepared many technical and advisory proposals, reports and discussion documents for the Free State Education and Training Trust, Higher Education and Further Education and Training Institutions, participating in this trust, as well as in the Provincial Education Department of the Free State to work towards the following goals:

- *The creation of a strong, comprehensive and well-articulated higher and further education and training sector in the region that can turn out diplomats and graduates of quality who will be able to respond to the needs of a society in transition.*
- *The facilitation of capacity-building redress and equity in connection with issues of institutional inequality, limitations on access, academic development programmes, etc. The involvement of relevant communities and constituencies in the shaping of a new education and training system.*
- *The better use of existing resources and available finances through rationalisation and the elimination of unnecessary duplication and wastefulness.*

- *The facilitation of a coherent education and training approach to the specific human resource and development needs of the region within the framework of the national growth and development and human resource development strategies.*
- *The development of joint ventures as well as areas of specialisation within a regional framework.*
- *A cooperative rather than a competitive approach to the provision of education and training and other development and support services.*
- *Interaction and cooperation with other national and regional initiatives concerned with educational and economic reconstruction and development.*

Through the above goals he has tried to commit higher education and training institutions to a process of regional cooperation that will allow for both bilateral and multilateral interaction. In this interaction he has always endeavoured to persuade all participants to accept an inclusive process of internal institutional constituencies as well as major external stakeholders in business, industry, the National and Provincial Government and the broader community.

As Senior Researcher in the Centre for Higher Education Studies and Development of the University of the Free State after 2000, Professor Strydom has prepared documents advising the UFS top management in connection with many different issues in higher education, lectured in the master's degree programme for Higher Education Studies (HES) and supported several master's and doctoral students in HES on many different aspects of regional engagement and development with specific emphasis on governance, widening participation (access with success), regional and institutional strategic planning and management, regional impact studies, skills acquisition, human resources management and development and higher education as a field of study.

His work over the last 30 years has not only been about supporting worthwhile change (transformation) in the education sector and specifically higher education, but also about capacity building of staff, and supporting equity expectations without compromising quality in work done.

*The University of the Free States considers it a privilege and an honour to confer the degree *Philosophia Doctor (Honoris Causa)* on Prof. Kalie Strydom.*

~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~



PROF LJS BOTES - DEKAAN / DEAN

 **FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE**
FACULTY OF THE HUMANITIES

KANSELIERSMEDALJE/ CHANCELLOR'S MEDAL

DIPPENAAR, Alida Maria

Alida Dippenaar is op 2 Julie 1942 gebore op 'n plaas in die distrik Vredefort, Vrystaat. Sy behaal matriek aan die Chris van Niekerk Hoërskool, Vredefort en verwerf daarna die Baccalaureusgraad in Biblioteek- en Inligtingkunde asook die Honneursgraad in Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria. Vervolgens verwerf sy, as deel van die Bestuursontwikkelingsprogram 'n diploma aan die Universiteit van die Vrystaat. Sy voltooi ook verskeie ontwikkelingskursusse op die terrein van die Inligtingkunde en Bestuurswese.

Alida Dippenaar begin haar loopbaan by die destydse Vrystaatse- en Transvaalse Provinciale Biblioteekdienste en sluit daarna by die Biblioteek- en Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria aan. In 1982 aanvaar sy 'n aanstelling by die Universiteit van die Vrystaat as Assistentdirekteur en word in 1989 Direkteur van die Biblioteek- en Inligtingsdiens. In 2002 word sy aangestel as die Registrateur: Inligtingsdienste en –Tegnologie en word hiermee ook die eerste vrou by die Universiteit van die Vrystaat met die posbenaming registrateur. Na haar aftrede in 2006 word sy aangestel as Hoof: Elektroniese Leer om die Afdeling te vestig en uit te bou. Daarna was sy betrokke as konsultant by verskeie entrepreneuriese projekte.

Tydens haar ampstermyn by die UV was sy een van die pionier senior vrouebestuurders en lid van die Uitvoerende Bestuur en Senaat. Sy was ook vir etlike jare deeltydse dosent by die destydse Departement Bibilioteek- en Inligtingkunde. Sedert 1982 was sy ten nouste gemoeid met die beplanning van die nuwe biblioteekgebou asook die ontwikkeling en vestiging van moderne inligtingstelsels wat gekenmerk is deur die vermoë om inligting en inligtingsbronne wêreldwyd te identifiseer. Dit het die skepping van stelsels deur middel van gevorderde tegnologie behels sodat dosente en studente onmiddellik toegang tot inligting vanaf persoonlike rekenaars kon kry. Ander belangrike mylpaal was die modernisering van die audiovisuele afdeling wat meegebring het dat studente opgelei moes word in 'n hoogs elektroniese leeromgewing en is daar dan ook 'n kredietdraende kursus in inligtingsgeletterdheid ingestel. Biblioteeksamewerking en –konsortia op nasionale en internasionale vlak het nuwe momentum gekry met 'n skenking van meer as R3 miljoen deur die Andrew Mellonstigting wat deur haar bemiddeling verkry is. Met die fondse is onder ander 'n nuwe biblioteekbedryfstelsel, Innopac, aangekoop asook die skepping en aankoop van elektroniese inligtingstelsels en –databasisse. Met die ontbondeling van die Instituut van Eietydse Geskiedenis (INEG) het die Argief vir Eietydse Aangeleenthede en SAMEDIA ook deel van die Bibliotekdiens geword en het sy leiding geneem met rekenarisering van die inligtingstelsels.

As Registrateur: Inligtingsdienste en –Tegnologie was sy verantwoordelik vir die vestiging van PC-laboratoria en 'n afdeling vir E-leer. Om studente in staat te stel om elektroniese leermateriaal ten beste te benut is rekenaarpunte in alle koshuiskamers geïnstalleer.

Na haar aftrede was sy projekbestuurder vir verskeie entrepreneuriese projekte waaronder die privatisering van die UV se Publikasiediens en SAMEDIA, die gerekenariseerde koerantknipseldiens. Sy was professioneel meelwend deur die

bywoning van verskeie nasionale en internasionale konferensies en kursusse op die terrein van elektroniese leer, inligtingsdienste en bestuurswese

Die Universiteit van die Vrystaat beskou dit as 'n voorreg en 'n eer om die *Kanseliersmedalje* aan Mev Alida Maria Dippenaar toe te ken.

~~ ~~~ ~~ ~~~ ~~

Alida Dippenaar was born on a farm in the Vredefort district in the Free State on 2 July 1942. She matriculated at the Chris van Niekerk Secondary School in Vredefort and then obtained a B.A. Degree in Library and Information Science as well as an Honours Degree in Library and Information Science from the University of Pretoria. After that, she obtained a diploma from the University of the Free State as part of the Management Development Programme. She also completed various development courses in the field of Information Science and Management Science.

Alida Dippenaar started her career with the then Free State and Transvaal Provincial Library Services after which she joined the Library and Information Service of the University of Pretoria. In 1982, she accepted an appointment at the University of the Free State as Assistant Director and in 1989 became Director: Library and Information Services. In 2002, she was appointed as the Registrar: Information Services and Technology and thereby became the first woman at the University of the Free State with the job title of registrar. After her retirement in 2006, she was appointed as the Head: Electronic Learning to establish and expand the section.

During her term of office at the UFS, she was one of the pioneer senior female managers and a member of the Executive Management and the Senate. She was also a part-time lecturer in the then Department of Library and Information Science for a number of years.

Since 1982, she had been intimately involved in planning the new library building as well as in developing and establishing modern information systems characterised by the ability to identify information and sources of information worldwide. This entailed devising systems by means of advanced technology in order for lecturers and students to have immediate access to information from their personal computers. Another important milestone was the modernisation of the visual section, which entailed the training of students for a highly electronic learning environment. As a result, a credit-bearing course in information literacy was created.

Cooperation between and consortia of libraries on national and international level received a new impetus with a donation of more than R3 million by the Andrew Mellon Foundation, which was secured through her instrumentality. The funds were used to buy a new operational system for libraries, Innopac, as well as for creating and buying electronic information systems and data bases.

With the unbundling of the Institute for Contemporary History, the Archive for Contemporary Matters and SAMEDIA also became part of the Library Services, and she led the computerisation of the information systems.

As Registrar: Information Services and Technology, she was responsible for establishing PC laboratories and a section for E-learning. In order to enable students to utilise electronic learning material best, computer points were installed in all residence rooms. After her retirement, she was the project manager for various entrepreneurial projects, amongst which were the UFS Publication Service and SAMEDIA, the service for computerised newspaper clips.

She was involved professionally by attending various national and international conferences and courses in the field of electronic learning, information services, and management.

The University of the Free States considers it a privilege and an honour to confer the Chancellor's Medal on Mrs Alida Maria dippenaar

~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~



**PROF NJL HEIDEMAN – DEKAAN / DEAN(waarnemend /
acting)**

 **FAKULTEIT NATUUR- EN
LANDBOUWETENSKAPPE**
**FACULTY OF NATURAL AND
AGRICULTURAL SCIENCES**

EREGRAAD/ HONORARY DOCTORATE

PHILOSOPHIAE DOCTOR (Honoris Causa)

JONES, Monty

Monty Jones is the Executive Director of FARA and co-winner of the prestigious 2004 World Food Prize. He won the award based on his discovery of the genetic process to create the New Rice for Africa (NERICA) which gives higher yields, has shorter growth cycles and higher protein content than its Asian and African parents. He is currently the Chairperson of the Global Forum on Agricultural Research (GFAR).

He is a Sierra Leonean and has spent the last 32 years of his career in Africa working in international agricultural research for development institutions.

He started his career at the Rice Research station in Sierra Leone,

where he worked as a breeder for 13 years. His international career started with the CGIAR as coordinator of the IITA/USAID Cameroon rice program from 1987 to 1990.

In 1991, Monty Jones moved to WARDA to become its principal breeder. Here he developed the NERICA rice in close collaboration with his fellow scientists at WARDA and with other scientists from Asia, Europe and the US. He then disseminated NERICA through participatory approaches by working with multiple levels of associates, from scientists to extension workers and farmers organizations to governments and NGOs.

Monty Jones' work on NERICA has increased rice production in West and Central Africa and has resulted in savings to many African governments on rice imports. Through his work, WARDA was awarded the prestigious CGIAR's King Baudouin Award in 2000. In September 2001, he received the National Order of Merit of Côte d'Ivoire, presented by the Ivorian President. In 2004 he received the Insignia of the Grand Officer of the order of the Rokel from the Sierra Leone President for his work on NERICA. By the time he left WARDA to join FARA in July 2002, he had held three offices, first as its Principal Rice Breeder, then as Rainfed Program Leader and lastly, as Deputy Director of Research.

Since joining FARA as its Executive Secretary, he has been actively involved in creating awareness that coordinated efforts in agricultural research for development and increased African ownership to enhance effective African agricultural research. He advocates for more a responsive organization to its stakeholders to increase production and alleviate poverty in the region.

He did his BSc in Agriculture General at Njala University in Sierra Leone, and his MSc in Plant Genetic Resources and PhD in Plant Biology at the University of Birmingham in the UK. He was awarded an Honorary Doctorate of Science by his alma mater, Birmingham

University, in July 2005. In 2007 he was named by Time Magazine as one of the 100 most influential persons in the world.

The University of the Free States considers it a privilege and an honour to confer the degree Philosophia Doctor (Honoris Causa) on Dr.Monty Jones.

~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~

JONES, Monty

Monty Jones is die Uitvoerende Direkteur van FARA (*Forum for Agricultural Research in Africa*) en was in 2004 die gesamentlike wenner van die toonaangewende Wêreldvoedselprys. Hy het die prys gewen op grond van sy ontdekking van die genetiese proses waarmee *New Rice for Africa* (NERICA) geskep kan word. Dit lewer groter opbrengste en het korter groeisiklusse en 'n groter proteïeninhoud as die Asiatiese en Afrikaanse voorouers. Hy is tans die voorsitter van die *Global Forum for Agricultural Research* (GFAR).

Hy is van Sierra Leone afkomstig en het die laaste 32 jaar van sy beroepslewe in Afrika deurgebring waar hy binne internasionale landbounavorsing vir ontwikkelingsinstellings gewerk het.

Hy het sy loopbaan aan die Rysnavorsingstasie in Sierra Leone begin waar hy 13 jaar lank as 'n teler gewerk het. Sy internasionale loopbaan het by die CGIAR (*Consultative Group on International Agricultural Research*) begin waar hy van 1987 tot 1990 as koördineerder van die IITA/USAID se Kameroense rysprogram gewerk het.

Monty Jones het in 1991 na WARDA (*West African Rice Development Agency*) verskuif waar hy die hoofteler geword het. Dit is waar hy die NERICA-rys in samewerking met sy kollegas te WARDA en ander wetenskaplikes uit Asië, Europa en die VSA ontwikkel het. Hy het die NERICA toe deur middel van deelnemende benaderings bekend gestel deur op veelvuldige vlakke met genote saam te werk, van wetenskaplikes tot voorligtingsbeamtes en van boere-organisasies tot regerings en NRO's.

Monty Jones se werk aan NERICA het rysproduksie in Wes- en Sentraal-Afrika verhoog en groot besparings op rysinvoere vir baie Afrika-regerings meegebring. WARDA het deur sy werk in 2000 die hoogs aangeskrewe *King Baudouin Award* van die CGIAR ontvang. Hy

het in September 2001 die Ivoorkus se *National Order of Merit* van die Ivoorkus se president ontvang. Hy het ook in 2004 die *Insignia of the Grand Officer of the order of the Rokel* van Sierra Leone se president vir sy werk aan NERICA ontvang. Toe hy teen Julie 2002 WARDA verlaat het om hom by FARA aan te sluit, het hy drie ampte beklee, nl. die Hoofrsteler, die Programleier vir Droëlandproduksie en die Adjunk-direkteur Navorsing.

Sedert hy hom as Uitvoerende Sekretaris by FARA aangesluit het, was hy aktief daarby betrokke om bewustheid aan te wakker dat gekoördineerde pogings in landbounavorsing vir ontwikkeling en verhoogde Afrika-eienaarskap effektiewe landbounavorsing in Afrika sal bevorder. Hy is 'n voorstander van 'n responsiever organisasie jeans belanghebbendes ten einde produksie te verhoog en armoede in die streek te verlig.

Hy het 'n BSc-graad in Algemene Landbou aan die Njala-universiteit in Sierra Leone verwerf, 'n MSc in Plantgenetika-hulpbronne en 'n PhD in Plantbiologie aan die Universiteit van Birmingham in die VK. Sy alma mater, die Universiteit van Birmingham, het in Julie 2005 'n Eredoktorsgraad in die Wetenskap aan hom toegeken. Hy is in 2007 deur *Time Magazine* as een van die 100 invloedrykste mense op aarde gelys.

Die Universiteit van die Vrystaat beskou dit as 'n voorreg en eer om die graad Philosophiae Doctor (Honoris Causa) aan dr. Monty Jones toe te ken.

~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~ ~~~